

# **7<sup>de</sup> Gentse Kollokwium oor Afrikaans**

## **7<sup>de</sup> Gentse Colloquium over het Afrikaans**

**27-28 oktober 2022**

### **Programma (versie 22/09/2022)**

#### **DAG 1**

##### **Donderdag 27 oktober 2022**

9u30 Registratie met koffie

10u00 Opening door Timothy Colleman, Yves T'Sjoen, Annelies Verdoollaeghe en Martina Vitackova

10u15 Keynote lezing door Quentin Williams (UWK) - ***Tot die heruitvinding van Afrikaans: 'n nie-ideologiese, interseksionele raamwerk***

##### **11u15 Sessie 1: Taalkunde**

- 11u15: *Die digitalisering van ouer Afrikaanse bronre*, door Wannie Carstens (NWU) - online
- 11u45: *Die beskikbaarheid en gebruiksmoontlikhede van Afrikaanse digitale taalhulpbronre*, door Benito Trollip (NWU) - online

12u15 Lunch

13u15 Yves T'Sjoen in gesprek met Moya de Feyter (Klimaatdichter) en Susan Smith (Universiteit Fort Hare) over klimaatpoëzie

## 14u15 Sessie2: **Taalkunde**

- 14u15: '*n Nuwe Afrikaanse aanlyn naslaanbron: die Akademiese Redigeerwoordeboek (ARW)*', door Maret Blom (Universiteit Stellenbosch)
- 14u45: *Enabling linguistic research in Afrikaans through the development of new data sources: The Virtual Institute for Afrikaans*, door Roné Wieringa (Virtueel Instituut voor Afrikaans), Febe de Wet (Noordwes-Universiteit & Stellenbosch Universiteit), Andiswa Bukula (SADIALAR) en Gerhard van Huyssteen (Noordwes-Universiteit)

## 15u15 Koffie

## 15u45 Sessie3: **Letterkunde**

- 15u45: *ro-BOT-te en die Apokalips: spekulasie, samesweringsteorieë, klimaatsverandering, en die waarheid*, door Carien Smith (Sheffield University)
- 16u15: *Die karteringsmoontlikhede van distopiese tekste*, door Carmi Britz (Universiteit Stellenbosch)
- 16u45: *Plek en identiteit in Uit die kroes (2020)* deur Lythia Julius, door Ihette Senekal (UNISA)

17u15 **Bekendstelling van deel twee van de Afrikaanse literatuurgeschiedenis (Van Schaik)** door Jerzy Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

17u30 **Panelgesprek over literaire geschiedschrijving** (Jerzy Koch, Martina Vitackova, Jürgen Pieters)

## 18u00 **Receptie**

## DAG 2

**Vrijdag 28 oktober 2019**

10u00 Keynote lezing door Susan Smith (UFH) - ***Ekokritiek transnasionaal en lokaal. Plek as sentrale merker van 'n omvattende ekokritiese beskouing.***

## 11u00 Sessie 4: **Letterkunde**

- 11u00: *Watermetafore in 'Die Kremetartekspedisie'*, door Bibi Burger (UCT) - online

- 11u30: *Waterstories in Afrikaans: 'n herbesoek*, door Jacomien van Niekerk (UP) - online

12u00 Lunch

#### 13u00 Sessie 5: **Taalkunde**

- 13.00 *How Grammar can express emotion: Expressive Morphology in Afrikaans and Dutch*, door Cora Cavigani-Pots (KU Leuven)
- 13u30: *Verbal diminutive suffixes in Afrikaans and Dutch*, door Engela de Villiers (KU Leuven en Universiteit Stellenbosch)
- 14u00: *Taalhandboeke as domeine vir taalbeplanning in die herstandaardiseringsdiskoers van Afrikaans*, door Earl Basson (CPUT)
- 14u30: *Indien jy dalk vergeet het... Voorwaardelijke insubordinantie in het Afrikaans*, door Peter Dirix (KU Leuven)

15u00 Koffie

15u30 Keynote lezing door Adri Breed (NWU) - ***Wie sê dis 'n uitroepsin! Oor uitroepsinne in hedendaagse Afrikaans***

16u30 Afsluitende beschouwingen

## ABSTRACTS

**Bibi Burger**

### **Waterbeeld in Die Kremetartekspedisie (1981) deur Wilma Stockenström**

In Susan Meyer se artikel “Wat oor is, is die Self: verblyf in ’n boomholte in Wilma Stockenström se Die kremetartekspedisie” (2013) voer sy aan dat “die Westerse diensbaarheidsbeskouing van die natuur” in die roman uitgedaag word. Onder meer redeneer sy dat die hoofkarakter “’n bewuste verbintenis met water, die natuurelement met ’n vloeibare en vervormbare aard” beleef (323). In hierdie referaat sal ek Meyer se waarnemings as vertrekpunt neem om die uitbeelding van water in die roman te ondersoek. Ek voer aan dat die karakter nie net ’n verhouding het met water weens haar vervormbare aard nie, maar dat hierdie verhouding ook gesien kan word as ’n aanduiding van die vloeibaarheid tussen die mens as individu (wat meestal uit water bestaan en wat water drink en ontlaas) en die groter kulturele én materiële konteks waarvan sy deel vorm. Hierdie argument word gemaak na aanleiding van Astrida Neimanis se Bodies of water: Posthuman Feminist Phenomenology (2019).

**Cara Cavigani-Pots**

### **How grammar can express emotion: Expressive morphology in Afrikaans and Dutch**

In this talk, I present a new research project, in which I investigate three cases of expressive morphology in Afrikaans and Dutch. A recent proposal regarding expressivity in grammar is that expressive meaning is conveyed by marked morphology (MM) (Corver 2016). MM refers to functional morphemes whose position within a word or sentence deviates from the position they typically occupy (Klamer 2002). Consider an example from Afrikaans (1).

(1) Hulle loop toe mooi-tjie-s na die skoolhoof. They walk then nice.DIM- S to the school.head

‘They then actually went and saw the principal (can you believe it?!)’

The descriptive meaning of the sentence is the fact that they went to see the principal, whereas the expressive meaning is the speaker’s surprise at them actually having done so. This expressive meaning is conveyed by the -tjies suffix on the adverb mooitjies. This is a case of MM as the diminutive suffix -tjie is expected to

appear on nouns rather than adverbs. A comparable expressive use of this suffix on adverbs is found in Dutch (-je suffixation, Corver 2019, Diepeveen 2012). Besides -tjie/-je suffixation, I consider two other cases of MM that occur in both languages, namely -el suffixation (2) and elative compounding (3).

(2) Sy snuff-el hier rond. She smell-EL here around  
'She is snooping around.'

(3) 'n kak- mooi storie. A poop-beautiful story  
'A damn beautiful story.'

-El suffixation is a case of MM, as this suffix is originally a nominal suffix, which now surfaces on a verb, hence in an unexpected position (Audring et al. 2017). Elative compounding is a third case of MM, as the left-hand member of the compound does not add any meaning to the compositional semantics of the compound, and furthermore concerns a taboo word (Hoeksema 2012, Trollip 2021). This taboo word as left-hand member intensifies the meaning of the right-hand component. Whereas intensification is typically a function of adverbs, in elative compounds this function can be taken over by nouns. All these instances of MM can convey expressive meaning in both Afrikaans and Dutch. During the talk, I will present the initial results of the data collection, and the broad lines of the theoretical analysis of how the expressive meaning comes about exactly in these cases of MM.

### **Wannie Carstens**

### **Die digitalisering van Afrikaans: drome en planne**

Uit verskeie oorde (soos staatsinstellings, private inisiatiewe, universiteitsbiblioteke, navorsingsprojekte) blyk daar prosesse en by geleentheid projekte aan die gang te wees om Afrikaanse bronne te digitaliseer. Die vordering hiermee is egter gebreklig. Die grootste rede hiervoor is die gebrek aan samewerking tussen die betrokke instellings wat op die een of ander manier by digitalisering in Suid-Afrika betrokke is. 'n Gedeelde visie rakende digitalisering vir Afrikaans ontbreek. Die gevolg hiervan is duplisering (meer as een instansie doen dieselfde werk), oorvleueling en fragmentering – in wese die verkwisting van kosbare en skaars hulpbronne (beperkte fondse en min beskikbare opgeleide medewerkers). As gevolg hiervan is daar na etlike jare min konkrete uitkomste (versamelings) om te rapporteer. Die agterstand raak egter al hoe groter. Die groter plan om alles te kan koördineer ten einde 'n digitale biblioteek vir Afrikaans – wat soveel meer data sal kan oplewer as wat tans die geval is – te vestig, ontbreek.

In hierdie referaat word daar beplan om in lig van die colloquiumtema verslag te doen oor drome om Afrikaans gedigitaliseer te kry en oor planne om die taak gedoen te kry.

### **Carien Smith**

### **ro-BOT-te en die apokalips: spekulasië, samesweringsteorieë, klimaatsverandering, en die waarheid**

“Alles is 'n leuen ... niks is 'n leuen nie”.

Katastrofe – en meer spesifieker klimaatsverandering – word toenemend 'n verbruikersproduk in ons samelewing in hoe dit uitgebeeld word in literatuur, die media, en sosiale media. Die probleem hiermee is dat die tipe fiksie wat waarhede oor ernstige kwessies uitbeeld en wat ons moet lei tot nadanke en aksie, ons soms nie tot op daardie punt dryf nie. Empiriese navorsing dui daarop dat blootstelling aan narratiewe oor klimaatsverandering net 'n tydelike impak het op mense se aksies om die probleem aan te spreek. Deur 'n oppervlakkige en kunsmatige betrokkenheid word ons eintlik, op 'n manier, verder gedistansieer van die kwessie. Hierdie probleem lei my om baie kritisies na te dink oor letterkundige werke, insluitende my eie, wat klimaatsverandering of ander temas van katastrofe uitbeeld.

In hierdie referaat gaan ek oorsigtelik na empiriese navorsing verwys wat dui op hoe hierdie tipe blootstelling aan catastrofes eintlik tot 'n meer oppervlakkige betrokkenheid met sekere kwessies lei. Hierdie oppervlakkige teenwoordigheid lei tot 'n tipe katarsis wat die teenoorgestelde effek het van wat ons wil hê om hierdie probleme aan te spreek. Hierna wil ek oorsigtelik kyk na wat Marcuse, Adorno, en Heidegger sê oor die funksie van kuns. Dit is veral Heidegger se idee van die blootlegging van die waarheid wat vir my sentraal is. Daarna wil ek kritisies kyk na voorbeeld uit Bot (om 'n poging aan te wend) om ondersoek in te stel oor tot watter mate ek as skrywer dit reggekry het om die waarheid bloot te lê eerder as om net 'n oppervlakkige betrokkenheid aan te moedig.

### Ihette Senekal

#### **Plek en identiteit in Uit die kroes (2020) deur Lythia Julius**

In haar artikel, “Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk”, wys Susan Smith (2012: 887) op 'n vooraanstaande navorsing binne die ekokritisiese beweging, Buell (2005:63), se identifisering van drie onlosmaaklike dimensies van plek. Hierdie dimensies behels (i) die fisiese materialiteit van die omgewing, (ii) die sosiokulturele persepsie en linguistiese konstruksie van plek en (iii) die individuele en persoonlike verwantskap en verhouding met die plek. Smith se artikel karteer die verhouding tussen die teorie van plek aan die hand van die genoemde drie merkers van Buell, en die agtergrond van die ekopoësie en die ekokritiek.

Die verband tussen plek en ekokritiek kan ook ondersoek word aan die hand van Lynthia Julius se digbundel, Uit die kroes (2020). Alhoewel Julius se poësie nie geklassifiseer kan word as ekopoësie in die tradisionele sin van die woord nie, speel plek steeds 'n belangrike rol in die bundel. Van der Merwe (2020) wys op die voorbeeld van die gedig “Ontheeming” (41-42) wat terselfdertyd 'n elegie vir die Nama-taal en -kultuur is en 'n besinning oor hoe ras en taal behorigheid kompliseer. Volgens Kamfer (2021: 184) verken Uit die kroes 'n wye reeks temas, wat strek van colourism, texturism, agency, vrouheid, verlies en familie. Kamfer trek die verband

tussen tematiek, plek en herkoms wanneer sy verder stel dat Julius die bundeltemas vervleg met haar unieke idolek, haar Nama-herkoms en haar identiteit as 'n jong swart vrou in die wêreld.

Hierdie bewustheid van herkoms, 'n geplaasdheid in die wêreld en 'n gesprek met 'n persoonlike en kollektiewe geskiedenis, herinner weer aan Smith (2012: 891) wat op die belangrikheid van plek as wetenskaplike ondersoekterrein wys wanneer sy Evernden (1996:100–1) aanhaal: “[t]he significance of place [...] a very personal thing, [a] battle for the right to know ‘where I am from’”. Smith plaas klem op rol van die omgewing waarin die mens pas en waardeur die mens gedefinieer word. Sy stel dat om plek te benoem gesien kan word as 'n uitbreiding van die self in die omgewing (Evernden 1996:101) en dat die proses waardeur oor plek geskryf en 'n naam aan die plek toegeken word, deel is van die proses van identiteitskepping, beide van die plek en van die self.

In hierdie referaat sal dié verband tussen identiteitskepping, beide van die plek en van die self, aan die hand van Uit die kroes bespreek word.

## **Engela de Villiers**

### **Verbal diminutive suffixes in Afrikaans and Dutch**

In Germanic, there are two verbal diminutive suffixes, -el and -er, which indicate that an event is either iterative ((1) and (2)) or attenuative ((3) and (4)), as illustrated by the Afrikaans examples below.

- (1) Hobb-el 'to bounce (repeatedly)' (3) Does-el 'to sleep lightly'
- (2) Blikk-er 'to flicker (repeatedly)' (4) Knapp-er 'to crackle lightly (fire)

So far, studies on verbal diminutives in Germanic have only focused on the -el morpheme (Weidhaas & Schmid (2015); Audring et al. (2017)), not considering the parallel function of the -er-morpheme. Also, no study on these suffixes exist for Afrikaans. In this talk, we will present a detailed dictionary- and annotation study on the morphological, semantic, and pragmatic properties of the -el/-er suffixes in Afrikaans and Dutch.

In the morphological annotation category, we adopt the five morphological base types for the -el/-er verbs, as proposed by Audring et al. (2017). Type I are verbs whose base is a verb, type II are verbs whose base is a noun which ends in -el/-er, type III are verbs whose base is a noun which does not end in -el/-er, type IV are verbs whose base is a non-lexical root, and type V are verbs whose base is ambiguous between a verb and a noun. The semantic category considers whether the verb can be iterative or attenuative, and the pragmatic category explores the expressive meaning signaled by these suffixes. Here the two main types of meanings are endearment and pejorative meaning.

In both -el and -er suffixes in Afrikaans and Dutch, the largest set of verbs is type IV: a non-lexical root. This is in stark contrast with what Weidhaas & Schmid found in German. Furthermore, the large majority of Afrikaans and Dutch -el/-er verbs can express iteration and attenuation, and both endearment and pejorative meaning are

present, with the latter being slightly more frequent overall. Importantly, all the morphological base types contain instances of these semantic and/or pragmatic meanings after suffixation of -el/-er. This suggests that the type II verbs – whose base is a noun which already ends in -el/-er – should receive a similar analysis as the -el/-er verbs with the other morphological base types.

We show that the -el/-er suffixes are level 1a suffixes in the sense of Creemers et al. (2018). This analysis is particularly interesting for the typology of affix types in Afrikaans and Dutch, as Creemers et al. claim that level 1a suffixes do not exist in Dutch. During the talk we (i) present an enriched typological description of Germanic -el and -er suffixes and the types of verbs they derive and (ii) propose a unified analysis for the -el/-er verbs across all five morphological base types.

### **Earl-Ray Basson**

### **Taalhandboeke as domeine vir taalbeplanning in die herstandaardiseringsdiskoers van Afrikaans**

Die onderwysstelsel was in die verlede en is vandag steeds 'n ruimte waar die taalpolitiek rondom Afrikaans afspeel. Volgens Jordaan (2004: 252) het organisasies soos die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) vroeg besef dat die onderwysstelsel 'n belangrike rol het om hul ideologiese oortuigings oor Afrikaans en die Afrikaners aan die jeug oor te dra. As die kern vir Afrikanernasionalisme is Afrikaans tydens die standaardiseringsproses hervorm om die ideologiese oortuigings van die Afrikaners te beliggaam. Ondanks die heterogene aard van die Afrikaanse spraakgemeenskap, is die amptelike standaardisering van Afrikaans in 'n eensydige en ondemokratiese proses omskep deurdat Afrikaans op Oosgrensafricaans gestandaardiseer is

– 'n variëteit wat hoofsaaklik deur wit Afrikaanssprekendes gebruik word (Van Rensburg 1989:462).

Met die Afrikaners se groeiende mag in die begin van die 20ste eeu, het die waarde van handboeke as domeine vir taalbeplanning duideliker geraak. B.F. Nel (1943:191) - 'n stoere ondersteuner van die Afrikaner-ideologie en 'n rolspeler in die implementering van Christelike Nasionale Onderwys - het gemeen leerplanne moet gebruik word om die suiwere oordraging van die Afrikaanse taal en kultuur aan leerders te bewerkstellig en onnasionale elemente (in die taal en sosio-politieke oortuigings) af te weer. Gevolglik is 'n aantal handboeke in die onderwysstelsel in gebruik gestel om linguistiese ondersteuning te bied aan die ideologieë oor die "suiwerheid" van Afrikaans ten opsigte van ras en taal te bied (Esterhuyse 1985:20; 1986; Van Rensburg 1999:75). Vanweë hierdie ideologiese onderbou aan die handboeke en die sosiaal-reproduktiewe aard van die onderwysstelsel, is Standaardafrikaans tot die enigste legitieme vorm van Afrikaans verhef, terwyl die stigmas gekoppel aan variëteite soos Kaapse Afrikaans vir jare voortbestaan het.

Sedert die veranderende politieke tydsgees in die 1980's tot en met vandag, spreek onderwysers en rolspelers in die onderwyssektor hulself uit teen die hegemonie van Standaardafrikaans en beklemtoon die negatiewe gevolge van 'n hegemoniese standaardvariëteit in die Afrikaansklassamer. Ondanks die sentrale rol van die onderwyskonteks in die oproepe tot herstandaardisering van Afrikaans, word handboeke as 'n domein vir taalbeplanning oorwegend onderbenut. Op grond van die historiese rol van handboeke in Afrikaanse taalbeplanning en Haugen (1987:637) se siening dat taalvernuwing deur opvoedkundige instansies onderneem moet word, stel hierdie studie ondersoek in na hoe die insluiting van Kaapse Afrikaans die herstandaardisering van Afrikaans kan bevorder.

Odendaal (2012: 125-126) omskryf herstandaardisering as sosiale regstelling gemik op die demokratisering van Afrikaans deurdat voorheen gemarginaliseerde variëteite soos Kaapse Afrikaans as voedingsbron gebruik word om die huidige standaardvariëteit uit te brei. Die demokratisering van Afrikaans sluit in die destigmatisering van variëteite deur dit in gesaghebbende ruimtes soos die onderwysstelsel te gebruik. Sodoende word die prestige van variëteite verhoog en word dit as 'n legitieme vorm van Afrikaans gevestig.

Met Odendaal (2012:462) se herstandaardiseringsraamwerk as 'n teoretiese vertrekpunt, illustreer hierdie studie hoe handboeke in die betrokke fases die legitimering van Kaapse Afrikaans en uiteindelik die herstandaardisering van Afrikaans kan bevorder.

### **Maret Blom**

### **'n Nuwe Afrikaanse aanlyn naslaanbron: die Akademiese Redigeerwoordeboek (ARW)**

In die akademiese konteks lei studente se gebreklike akademiese skryfvaardighede en 'n tekort aan navorsingsvaardighede (Van Aswegen, 2007:1141), asook hoëronderwysinstellings se verpligting dat studente se tesisse as deel van die afrondingsproses daarvan gerедigeer moet word, tot 'n definitiewe aanvraag na die diens van redigeerders wat spesifiek akademiese tekste redigeer. Hierdie akademiese redigeerders moet 'n veelheid van take kan verrig wat in die praktyk hoofsaaklik bestaan uit werk op die vlakke van kopieredigering en styl. Ten einde hierdie redigeertake te kan verrig, het akademiese redigeerders taalbronne, stylgidse en standaardiseringsbronne nodig om onder andere die taalgebruik na te gaan en te help om verskillende probleme op te los wat tydens die redigeerproses ontstaan (Carstens en Van de Poel, 2012:406). In die Afrikaanse akademiese redigeerpraktyk is dit egter 'n probleem dat van die naslaanbronne in Afrikaans verouderd is en van die vakwoordeboeke uit druk en moeilik bekombaar is (Carstens en Van de Poel, 2012:408). In 'n vorige studie is daar ondersoek ingestel na die huidige Afrikaanse naslaanbronne wat vir akademiese redigeerders beskikbaar is, en 'n empiriese

studie is gedoen om Suid-Afrikaanse vryskutredigeerders se behoeftes ten opsigte van Afrikaanse naslaanbronne te bepaal.

Die webblaaie van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SATI), die Professional Editors' Guild (PEG) en die Universiteit Stellenbosch (US) Taalsentrum gee toegang tot heelwat beskikbare Afrikaanse bronne, maar die probleem is dat hierdie bronne redelik wyd versprei is op hierdie webblaaie en nie een van die bronne bevat al die aspekte wat 'n akademiese redigeerder benodig om 'n vinnige en akkurate redigeerdiens uit te voer nie. Die vryskutredigeerders het ook aangetoon dat hulle meer leiding en ekstra voorbeelde benodig wat spesifiek van toepassing is op die Afrikaanse akademiese konteks. Na afloop van hierdie ondersoek en terugvoer, is 'n nuwe projek begin om 'n omvattende aanlyn Akademiese Redigeerwoordeboek (ARW) saam te stel, wat akademiese redigeerders se werk sal vergemaklik en konsekwentheid in die redigering van Afrikaanse akademiese tekste sal verseker. 'n Geïntegreerde teorie van leksikografiese- en bruikbaarheidsbeginsels (Fuentes-Olivera en Tarp, 2014; Gouws, 2014a; 2014b; 2018a; 2018b; 2018c; 2018d; ISO-standaard 110, ISO-standaard 9241-1; ISO-standaard 9241-12, en Sharp, Rogers & Preece, 2007) is gevolg om die samestelling van 'n prototipe-ARW se uitleg en inhoud moontlik gemaak. Die uitleg van die prototipe-ARW se tuisblad, afdelings, woordeboekartikels en gebruikersgids is bepaal deur die strukturele aanpassings vir elektroniese leksikografie en die beginsels van die ISO-standaarde en interaksie-ontwerp, wat die aanbieding van die data en die gebruiker se ervaring met die sagteware beklemtoon. Die prototipe-ARW se funksies en die akademiese redigeerders se verwagtinge van 'n akademiese redigeerwoordeboek is gebruik om die inhoud van die prototipe-ARW te kies en dit in 16 verskillende afdelings te verdeel, naamlik afkortings en akronieme; akademiese verwysingstelsels; algemeenste foute in akademiese tekste; algemene woerdeboeke; getalle, syfers en simbole; hoof- en kleinletters; interpunksie; kursivering en Romeinse syfers; spelling en skryfwyse – los en vas; die spesialisveld van akademiese redigering; tabelle en grafieke; vakterminologie; vakwoerdeboeke; wetenskap, wiskunde en rekenaars; wette en verwysings na wette en wiskundige notasie.

### **Peter Dirix**

### **Indien jy dalk vergeet het... Voorwaardelijke insubordinatie in het Afrikaans**

Evans (2007:367) definieert insubordinatie als het geconventionaliseerde gebruik van een hoofdzin die bij de eerste oogopslag de structuur van een bijzin lijkt te hebben. Het fenomeen is wijd verbreed, en niet enkel in Indo-Europese talen. In Germaanse talen worden deze insubordinate structuren ingeleid door een onderschikkend voegwoord en indien ze een specifiek woordvolgorde in de bijzin hebben, behouden ze deze ook.

Een aantal voorbeelden in het Afrikaans zijn:

- (1) Indien jy dalk vergeet het.
- (2) Hoehynajougekykhet.
- (3) Dateksoonno selkonwees!
- (4) Dat dit huis nou moet gebeur.

In haar doctoraatsthesis construeerde D'Hertefelt (2018) een typologie van twee types van insubordinatie (nl. insubordinate complementszinnen en voorwaardelijke insubordinate zinnen) voor zes Germaanse talen (Engels, Duits, Nederlands, Zweeds, Deens en IJslands). Afrikaans werd echter niet meegenomen in de studie vermits ze op dat moment nog geen toegang had tot een doorzoekbaar corpus.

Om het voorkomen van insubordinatie in het Afrikaans te onderzoeken, repliceren we het werk van D'Hertefelt door naar vergelijkbare Afrikaanse constructies te zoeken en deze volgens haar typologie te classificeren en daarna te vergelijken met de andere Germaanse talen. We gebruiken hiervoor het VivA-corpusportaal<sup>1</sup>, dat toegang geeft tot een groot corpus met meer dan 200 miljoen woorden. Vermits we in [anoniem] al insubordinatie in complementszinnen onderzochten, waar Nederlands en Afrikaans de grootste semantische variatie hebben, beperken we ons nu tot voorwaardelijke insubordinate zinnen.

Volgens D'Hertefelt heeft het Nederlands wederom de grootste variatie in het gebruik van voorwaardelijke insubordinatie. We hebben alle zinnen die beginnen met as en indien, gevolgd door twee tot zeven woorden (om een teveel aan valse positieven uit te sluiten) uit het corpus geëxtraheerd en diegene die effectief insubordinatie vertonen semantisch geklassificeerd volgens de typologie van D'Hertefelt. We presenteren het resultaat van deze classificatie en vergelijken met de andere Germaanse talen.

### **Benito Trollip**

### **Die beskikbaarheid en gebruiksmoontlikhede van Afrikaanse digitale taalhulpbronne**

Die belangstelling in die maniere waarop natuurliketaalverwerking (hierna NTV) toegepas kan word, impliseer 'n belangstelling in die beskikbaarheid van digitale taalhulpbronne (hierna DTH'e). Dit is onmoontlik om basiese NTV-take, soos benoemde-entiteitsherkenning,woordsoortetikettering en lemmatisering sonder DTH'e te verrig. As hierdie take nie tot 'n hoë genoeg standaard verrig kan word nie, hetsy weens die feit dat die DTH'e nie bestaan nie of DTH'e wat nie aan kwaliteitskontrole onderwerp is nie, kan die doelwit van NTV om die outomatisering van sekere take te bevorder nie bereik word nie. Meer gevorderde take soos outomatiese spraakherkenning en outomatiese transkribering kan nie gedoen word as die basiese take wat genoem is nie moontlik is nie. Dit is daarom kernbelangrik om te weet waar om DTH'e te vind en hoe om van hulle gebruik te maak wanneer NTV-navorsing beoog word.

Wat DTH'e presies is, sal van persoon tot persoon verskil, maar vir die doeleindes van hierdie aanbieding sluit DTH'e datastelle soos byvoorbeeld korpusse, woordelyste en geannoteerde spraak-, teks- en multimodale data asook toepassings in. Die fokus van hierdie aanbieding is op die beskikbaarheid en gebruiksmoontlikhede van Afrikaanse DTH'e. Die feit dat daar oor Afrikaanse DTH'e

gepraat kan word, beteken dat daar reeds hulpbronne bestaan.

Geesteswetenskaplike navorsers skep en gebruik reeds DTH'e in hul werk, wat bemoedigend is en verder aangemoedig behoort te word. 'n Tersaaklike vraag wat hieruit spruit, is of daar 'n verantwoordelikheid op die skeppers van DTH'e rus om hul hulpbronne vindbaar en toeganklik te maak? As 'n uitbreiding op hierdie vraag, vra ek ook of dit volhoubaar is om DTH'e vir enkelgebruik te skep? Die gebruiksmoontlikhede van bestaande DTH'e, asook die gapings waar DTH'e vir sekere NTV-take benodig word, sal in my aanbieding aangespreek word.

Die wenslikheid van 'n enkele, aanlyn pakhuis vir die beskikbaarstelling van Afrikaanse DTH'e, soos dié van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR), sal ook in die aanbieding aangespreek word.

**Carmi Britz**

### **Die karteringsmoontlikhede van distopiese tekste**

'n Distopiese teks beeld gewoonlik 'n verskriklike samelewing uit; 'n nagmerrie-agtige weergawe van die skrywer se huidige samelewing. Die sosio-politiese kwessies van die tyd word deur die skrywer omskep tot 'n onthutsende voorspelling van die toekoms. In distopiese klimaatfiksie (klifi) is die oorsake van hierdie toekoms as gevolg van aardverwarming, 'n veranderende ekologie of as gevolg van die mens se aanslag op die natuur, onder andere. Behalwe vir die verskrompeling van die aarde het die bogenoemde effekte van hierdie gebeurtenisse grootskaalse sosio-politiese gevolge. In my navorsing fokus ek onder meer op die geopolitieke stryd wat gevoer word. Mag en ruimte is dikwels verwikkeld, veral in die subgenre van klifi. Met 'n wêreld wat grotendeels deur menslike dade verwoes is, moet die oorlewendes noodgedwonge aanpassings maak om in die woesteny te oorleef.

Die navorsing betrek distopiese Afrikaans en Nederlandse romans en die navorsing plaas klem op die karteerbaarheid van die teks. 'n Kartografiese analyse van 'n literêre distopie belig die teks op 'n ander manier as tradisionele stiplees deur ruimte en die verhouding tussen werklike en verbeeldte of geskepte ruimte in die teks te ondersoek. Dit bied ook die geleentheid om die verhouding tussen die paratekstuele uitbeelding van die ruimte, byvoorbeeld op 'n kaart of boekomslag, en die uitbeelding van die ruimte in die narratief self te ondersoek. Distopiese representasies van Suid-Afrika en Nederland wat kartografies of geokrities ontleed word, het die moontlikheid om die verskille en ooreenkomste tussen die twee distopies verbeeldte lande te ontbloot wat nie andersins maklik waarneembaar is nie. 'n Kenmerk van die distopiese genre is die wyse hoe dit geskiedenis herwin. In 'n soortgelyke wyse is hedendaagse distopiese ruimtes gewortel in herkenbare ruimtes en kaarte is ook 'n vorm van geskiedskrywing, maar een wat konstant ontwikkel en gewysig word. Alhoewel distopiese visies van Nederland en Suid-Afrika verskillende uitdagings uitbeeld, is dit tog van belang om hierdie twee teenoorgestelde lande te vergelyk

(globale noord teenoor suid, ontwikkelde teenoor ontwikkelende land, koloniseerde teenoor gekoloniseerde, Europa teenoor Afrika). Die Afrikastede van die hede verteenwoordig vir Westerse lande dikwels 'n distopiese toekoms en dié lande loop die gevaar om dieselfde realiteit as die Afrikalande te produseer. Die literêre karterings van distopiese tekste word in die studie ondersoek en ten einde analises en karterings te produseer wat moontlik gebruik kan word in die gesprek rondom die Antroposeen en klimaatkwessies.

### **Jacomien van Niekerk**

#### **Waterstories in Afrikaans: 'n herbesoek**

In haar doktorale proefskrif, "Waterslangverhale in en rondom Afrikaans: 'n ondersoek na mitisiteit as basis vir vergelykende literatuurstudie" (1999) en in enkele akademiese artikels het Jean Lombard, lank verbonde aan die Universiteit van Namibië, belangrike bydraes gelewer. Sy het uitgewys dat die waterslang van die Groot Gariep, 'n verskynsel wat sy oorsprong het in "Khoisan-mitologie", neerslag vind in verskeie gepubliseerde Afrikaanse tekste. In 2014 het sy 'n uiters nuttige bloemlesing van hierdie (en ander Suid-Afrikaanse) tekste saamgestel, Die ding in die riete. Dit is akkurater om hierdie verhale as "Waterstories" te beskryf, soos Mary Lange in háár 2014-versameling: Waterstories: oorspronklike !Garib-vertellinge van die waterslang, aangesien waterstories ook verhale oor die Reënbul en ander vergestaltings van Water en Reën insluit. In hierdie referaat bring ek 'n herbesoek aan Lombard se navorsing en bloemlesing. Ek vul haar teoretisering van die waterstories aan met 'n ekokritiese perspektief op die interaksie tussen mens en natuur wat waterstories veronderstel. Verder vergelyk ek die tekste in haar bloemlesing met stories wat opgeneem is in Die man wat die wind vervloek het en ander stories deur José de Prada-Samper (2016) en ander Afrikaanse waterstories.

### **Roné Wieringa**

#### **Enabling linguistic research in Afrikaans through the development of new data sources: The Virtual Institute for Afrikaans**

Language variation is currently a prominent topic in Afrikaans linguistic and language communities. Most of the recent linguistic research on language variation tends to focus on language policy and planning and language identity (see, e.g., Thutloa & Huddlestone 2011, Dyers 2015) including questions about restandardisation in order to create a more socially and ethnically inclusive Afrikaans (see, e.g., Kotzé 2014, Odendaal 2014). Many of these publications also focus on the educational and economic potential for empowerment of historically non-privileged varieties of Afrikaans like Griekwa-Afrikaans and Kaaps (see, e.g., Le Cordeur 2015, Van der Rhee 2016).

Although these studies are necessary, they are not aimed at the investigation of the actual linguistic (i.e. phonetic, lexical and morpho-syntactic) properties of the varieties under discussion (Breed et al., 2022:4). Older publications like Klopper (1983), Van Rensburg (1984) and Ponelis (1993) do contain interesting observations on grammatical and lexical peculiarities in the varieties of Afrikaans, but they generally do not provide in-depth discussions, qualitative analyses, or definitive findings about the grammatical and lexical options available in these varieties (Breed et al., 2022:4).

The lack of detailed research on the linguistic properties of the varieties of Afrikaans is largely due to a lack of comparable, balanced or sizable corpora for varieties other than the written standard variety of Afrikaans. The few studies that do focus on the linguistic features of Cape Afrikaans (Kaaps) are based on literary publications by authors like Adam Small (e.g. Hendricks 2012), or the Cape Town-based tabloid Die Son, and not on authentic language (Blignaut & Lesch 2014).

The Virtual Institute for Afrikaans (VivA) (<http://www.viva-afrikaans.org>) has developed the “first linguistic pipeline for Afrikaans, which is also unique in the world” (Van Huyssteen 2020) by using microlinguistic research (and research methodologies) to establish Afrikaans grammars (like the Afrikaans section of Taalportaal, The General Afrikaans Grammar and Afrikaans School Grammar, and resources like the Language Atlas which employs usage-based methodologies to create descriptive language resources to promote and enable linguistic research and language teaching in Afrikaans. These resources are also uniquely adapted in order to accommodate and empower students, language practitioners and the broader language community. At the foundation of this pipeline lies VivA’s dedication to finding innovative ways to develop data sources.

This paper aims to showcase three of the projects VivA is currently involved in to establish data sources in order to enable linguistic research in aspects of Afrikaans that have hitherto not been granted enough attention, like the analysis and description of the actual linguistic properties of the varieties of Afrikaans. These projects are a) the Common Voice project (in association with other stakeholders, including Stellenbosch University, Mozilla and GIZ) which aims to establish an open sources database for Afrikaans voice data; b) the digitisation (and ultimately digitalization) of historical Afrikaans texts for a Historical Corpus for Early Afrikaans and a Digital Archive for Afrikaans; and c) a Language Atlas which plots the most common Afrikaans accents in relation to the geographical area where these accents are most commonly found.

## DEELNEMERS

Adri Breed	Noord-Wes Universiteit	fysiek
Annelies Verdoollaeghe	Universiteit Gent	fysiek
Benito Trollip	Noord-Wes Universiteit	?
Bibi Burger	Universiteit van Kaapstad	online
Carien Smith	Universiteit van Sheffield	fysiek
Carmi Britz	Universiteit Stellenbosch	?
Cora Cavigiani-Pots	KU Leuven	fysiek
Earl-Ray Basson	Cape Peninsula University	?
Engela de Villiers	KU Leuven en Universiteit Stellenbosch	?

Ihette Senekal	UNISA	fysiek
Jacomien van Niekerk	Universiteit van Pretoria	online
Jerzy Koch	Adam Mickiewicz Universiteit	fysiek
Maret Blom	Universiteit Stellenbosch	fysiek
Martina Vitackova	Universiteit Gent	fysiek
Quentin Williams	Universiteit van die Wes-Kaap	fysiek
Roné Wieringa	Virtueel Instituut vir Afrikaans	?
Susan Smith	Universiteit Fort Hare	?
Timothy Colleman	Universiteit Gent	fysiek
Wannie Carstens	Noord-Wes Universiteit	fysiek
Yves T'Sjoen	Universiteit Gent	fysiek